



Emigrasie nie noodwendig sleg vir tuisland se ekonomie

Johan
Fourie



Insentiewe & dinge

Ek vlieg verlede week Kanada toe vir 'n konferensie. Langs my van Dubai na Toronto sit 'n man van my ouderdom, en ons raak aan die gesels. Hy is 'n sagteware-ingenieur van Mumbai, Indië, maar het 'n paar jaar gelede besluit om vir 'n hoër inkomste Kanada toe te emigreer. Hy gaan besoek egter steeds sy ouers minstens een keer per jaar in Indië, vertel hy, en hy ploeg 'n groot deel van sy spaargeld terug in sy tuisdorp.

Nadat ek my hotel gevind het in Toronto, gaan seek ek aandete. Langs my in die restaurant sit twee mans, albei van Suid-Asiatiese afkoms. Die een se aksent is Kanadees, die ander een s'n sterk Ban-

gladesjies. Daar is min mense in die restaurant en ek volg hul gesprek maklik. Hulle praat besigheid: Die Kanadees benodig goeie sagtewarekodeerders, die ander spog met sy wye netwerk van kodeerders in Bangladesj en hoe goedkoop hulle is. Teen hul vierde bier vind hulle 'n prys waarmee altwee saamstem.

Die droewige Suid-Afrikaanse ekonomie, misdaad en radikale politieke retoriek maak baie Suid-Afrikaners angstig. 'n Uitmennende wit Engelssprekende student se woorde vroeër vanjaar in 'n persoonlike gesprek oor haar toekoms het my diep getref: Sy en haar vriende praat nie oor of hulle gaan emigreer nie, maar wánnéer hulle gaan emigreer.

Ek besluit toe om in my eerstejaar-ekonomieklass van sowat 200 Afrikaanssprekende studente 'n steekproef te doen: Hoeveel van hulle gaan dadelik ná hul studie die pad vat en nooit weer terugkom nie? Die antwoord van hierdie (hoogs onwetenskaplike) steekproef: 20%. Een uit vyf van die studente - belas-

tinggeld dek twee derdes van hul studiekoste - gaan waai sodra hulle klaar is.

Vir baie skets dit dalk 'n donker prentjie van Suid-Afrika se toekoms. In 'n land waar vaardighede so skaars is soos 'n Bulle-oorwinning, het ons opgeleide jongmense nodig met vindingrykheid om nuwe ondernemings te begin en in die proses werk te skep. Sonder 'n ekonomie wat werk skep, gaan die ewels van armoede, misdaad en populistiese politieke sentiment nie opgelos word nie.

Maar miskien is nie alle emigrasie sleg nie. Ja, ons verloor belastingbetalers en vaardighede, maar baie Suid-Afrikaners wat hulle oorsee vestig, behou sterk verbintenisse met familie en vriende.

Baie in my portuurgroep wat hulle oorsee gaan vestig het, het ná 'n paar jaar teruggekeer - met minder skuld, 'n bietjie kapitaal en nuwe idees om hier te belê. Selfs dié wat nie terugkeer nie, belê in nuwe sakegeleenthede in hul tuisland, miskien saam met familie en vriende wat

agtergebly het. Die geleentehede in Suid-Afrika is steeds legio vir die slim belegger, en sulke geleentehede word bespreek om braaivleisvure in Londen, Perth, Auckland en Vancouver.

Navorsingsnetwerke, sowel in die universiteit-as die private sektor, trek ook voordeel uit die sterker buitelandse bande. Baie van my eie navorsingsprojekte is saam met Suid-Afrikaners in die buiteland. En Suid-Afrikaners wat jare lank in die buiteland gewoon het en dan besluit om terug te keer, is 'n adrenalienspuiting van nuwe idees, doenwyses en kontakte vir ons universiteite.

Nuwe navorsing toon ook dat emigrasie nie noodwendig sleg is vir 'n ekonomie nie. Drie ekonome van München het onlangs 'n artikel geskryf wat die uitwerking van hoogs geskoolde migrasie op innovering in 30 Europese lande ondersoek. Die uitslag? Meer emigrasie - byvoorbeeld van Roemenië na Nederland - lei tot meer patentregistrasies in die oorsprongland - in hierdie geval, Roemenië.

"Die mobiliteit van goed geskoolde werkers vergroot navorsings- en ontwikkelingsnetwerke en bevorder die oordrag van kennis."

Miljoene hoogs geskoolde Indiërs het die afgelope drie dekades na Amerika, Kanada en Europa migreer. Dit het nie Indië se ekonomie gekeer om in 'n geweldige tempo te groei nie. Die gemiddelde Indiër is vandag byna vier keer so ryk soos in 1990. Baie van die beleggings in dié tyd is van Indiërs in die buiteland wat die geleentehede vir groei in hul tuisland raakgesien en hul nuutgevonde kennis, kapitaal en kreatiwiteit teruggeploeg het.

En net soos my twee Bangladesjiese restaurantvriende in Toronto, is oorsese netwerke die sleutel tot Suid-Afrika se entrepreneuriese sukses. My voorspelling: Die suksesvolste Suid-Afrikaanse firmas van die toekoms gaan almal bande hê met Suid-Afrikaners in die buiteland.

■ Prof. Johan Fourie is medeprofessor in die departement van ekonomie van die Universiteit Stellenbosch.

